**24 Junie**

**Skrifgedeelte: Matteus 15:1-9 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Matteus 16: 6**

## Volhardende vashou aan God se gebod en nie aan oorgelewerde gebruike nie

Die Fariseërs en skrifgeleerdes het aan oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte vasgeklou. Dit was ongeskrewe mondelinge byvoeginge by die wet van God met die gedagte om tot die onderhouding van die wet van God by te dra. Volksgebruike van die verlede is as bykomende bepalinge so hoog geag, waar dit op dieselfde vlak as die gebooie van God gehandhaaf moes word.

Hierdie toedrag van sake is duidelik uit kritiek wat Joodse godsdiensleiers op die dissipels van Jesus gehad het. Bykomende bepalinge om volgens sekere voorskrifte hande voor ete te reinig, was volgens oorlewering ewe bindend as die wet self. Tot ontsteltenis van die godsdiensleiers is dit deur Jesus se dissipels verontagsaam.

Jesus het in antwoord hierop aangetoon waaroor dit ten diepste in die godsdiens van die besoekers aan Hom – met hulle selfgemaakte vooropstelling van oorgelewerde gebruike – gegaan het. Hulle het die mens meer as God in die oog gehad. Jesus het hulle eiesinnige godsdiens met ’n voorbeeld toegelig: wie ’n sekere deel van besittings aan die Here wy, hoef volgens oorlewering nie meer sy ouers te onderhou nie. Hiermee is die wet van God ter wille van oorlewering kragteloos gemaak. ’n Ou gewoonte, oorgelewerde gebruike, tradisie is verhef asof dit beginsels uit die Skrif is, terwyl die gebooie van God gesystap is. Hierdie vashou aan oorgelewerde gebruike lei tot ’n godsdiens van en vir die mens. Dit is ’n vrugtelose godsdiens.

Hiervoor moet ons altyd versigtig en op die uitkyk wees: om nie selfgemaakte godsdienspaaie te bewandel nie. God wil nie gedien wees volgens wat mense van jou verwag nie, maar van harte in volhardende vashou aan Hom en sy gebooie. Hieroor was die Here reeds in die tyd van Jesaja duidelik (vs 9 met verwysing na Jes. 29:13).

Teenoor ’n vrugtelose godsdiens in volhardende vashou aan oorgelewerde gebruike, staan hierdie verdiepende dien van God uit die hart: *“Net om u wil te doen soos in u Boek … dit wil ek van ganser harte soek*.”

*Psalm 40:4 (1936)*

*Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)*